# Waardeer heilige dinge!

**Instruksies:** Doen hierdie oefening op 'n stil plek. Stel jou voor dat jy deel is van die gebeurtenis terwyl jy die tekste lees. Visualiseer die toneel. Hoor die stemme. Ervaar die emosies van die hoofkarakters. Leef jou in die verslag in.

**Hoofkarakters:** Isak, Rebekka, Jakob en Esau

**Opsomming:** Esau verkoop sy geboortereg aan sy tweelingbroer, Jakob.

## ❶ *ONTLEED DIE TONEEL.—LEES GENESIS 25:20-34.*

Watter eienskappe het Jakob en Esau geopenbaar selfs toe hulle nog in die baarmoeder was? ____________________

____________________

____________________

Hoe dink jy het Jakob en Esau gelyk toe hulle jong mans was? ____________________

____________________

____________________

Watter emosies neem jy waar in die gesprek tussen Jakob en Esau in verse 30 tot 33? ____________________

____________________

____________________

### *DELF DIEPER.*

Gebruik die navorsingshulpe wat jy het, om iets uit te vind oor die regte van die eersgebore seun. Waarom was hierdie regte belangrik? Wat het die feit dat hierdie regte vir 'n bord kos verkoop is, aangedui? ____________________

____________________

____________________

## ❷ *ONTLEED DIE TONEEL.—LEES GENESIS 27:1-10, 30-38.*

Watter emosie neem jy waar in Esau se stem wanneer hy besef dat sy broer die seën van die eersgeborene ontvang het? ____________________

### *DELF DIEPER.*

Was dit verkeerd dat Rebekka en Jakob sake so bewerkstellig het dat Jakob die seën ontvang het? Waarom, of waarom nie? (Leidraad: Sien Genesis 25:23, 33.)

### ❸ *PAS TOE WAT JY GELEER HET. SKRYF NEER WAT JY GELEER HET OOR . . .*


Die langtermyngevolge van onmiddellike bevrediging.

### *VIR VERDERE TOEPASSING.*

Watter heilige dinge is aan jou toevertrou?

Op watter spesifieke maniere kan jy wys dat jy heilige dinge waardeer?

### ❹ *WAT OMTRENT HIERDIE VERSLAG IS VIR JOU DIE BETEKENISVOLSTE, EN WAAROM?*



www.jw.org © 2011 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania